Son, see en sorgvrye Boran

Vir mnr. Chris Webb, 'n stoere Oos-Kaapse boer wat kommersieel met die Boran boer, is die lewe 'n lied. Dié diere verg min sorg en hou nie net die bankbestuurder tevrede nie, maar gee Chris genoeg tyd om met sy skoener op die Indiese Oseaan te seil.

BO: Een van die voortreflike vaars op Tharfield wat deur Chris geteel is.

LINKS ONDER: 'n Tipiese Boran-bul en -koei op die plaas.

REGS BO: Mnr. Chris Webb op die voorstoep van sy huis op Tharfield, Kleinemonde. Agter hom is die Indiese Oseaan waar hy hy dikwels met sy skoener gaan seil. FOTO'S: THEUNS BOTHA

Die sesde afstammeling wat sedert 1820 op Tharfield by Kleinmonde boer, is mnr. Chris Webb (54). Hy is ook 'n gesoute skipper. Hy betrag die wolke en die see op sy voorstoep met 'n kennersoog.

"Die westewind waai reg – môre vaar ons van Port Alfred na Oos-Londen."

Op die geskiedkundige Britse Setlaarsplaas is al kruisteling met die Shorthorn, Bonsmara, Tuli, Nguni en Limousin gedoen. Dit was egter in 1994 in Zambië tydens 'n besoek aan sy neef mnr. Kevin Puffet dat Chris met die Boran kennis gemaak het.

"O, man, was hulle nou mooi! Ek het dadelik op die ras verlief geraak en drie jaar later my eerste honderd Boran-semenstrooitjies by mnr. Jim Green van KwaZulu-Natal bestel om met die Limousin op die plaas te kruis."

Chris was destyds die eerste boer in die Oos-Kaap wat met die Boran geteel het. Hy was so tevrede met die kalwers dat hy begin het om die hele kudde op te teel met die beste semen wat hy kon koop. Saam met sy buurvrou, me. Anne White, 'n geregistreerde Boranteler, het hy ook drie jaar gelede aan 'n embriospoelingsprogram deelgeneem.

Chris vertel hy het 'n uitstekende mark vir sy ongeregistreerde bulle en verse wat hy op aanvraag aan kommersiële én opkomende boere vanaf die plaas verkoop.

GOEIE EIENSKAPPE

Aspekte van die Boran wat hom die meeste beïndruk en die ras onderskei van dié waarmee voorheen op Tharfield geboer is, sluit in uitstekende moedereienskappe, hoë vrugbaarheid, vroegrypheid en langlewendheid.

Hulle kan ook winter of somer sónder lek (nie eens 'n soutblok nie) klaarkom.

"Hoewel my Borans mediumraambeeste (440 kg) is, is daar baie verse wat op 26 maande vanaf die veld 'n kalf gee."

Chris volg nie 'n paartyd nie en die bulle loop die hele jaar by die koeie. Die feit dat hy altyd bemarkbare speenkalwers het (hulle weeg gemiddeld 210 kg met speen op sewe maande) help nie net met sy kontantvloei nie, maar verminder ook sy prysrisiko.

DIPPROGRAM

Hoewel die Boran goed teen bosluise bestand is, volg Chris nietemin 'n streng spuitplan om dit te bekamp en te keer dat die bosluise weerstandig raak.

"Ek dien in die somer elke tweede week en in die winter elke sesde week dieselfde middel vir vyf jaar agtereenvolgens toe. Dan skakel ek oor na 'n dipmiddel met ander aktiewe bestanddele. Ná die derde siklus dien ek weer dieselfde middel toe as wat ek die eerste vyf jaar gebruik het. Die middels word nooit vermeng nie. Ek gebruik ook nie kombinasiedipmiddels nie."

INSTANDHOUDING

As gevra word wat sy vier werkers doen synde die Boranbeeste so min aandag verg en daar nie eens 'n land is wat geploeg word nie, glimlag hy tevrede: "Nét die instandhouding van water en heinings. Die beeste word darem ook gereeld gedip en ek spuit hulle in teen sponssiekte, besmetlike misgeboorte en lamsiekte."

Chris sê hoewel die Boran nie soos in 2009 meer op die kruin van die golf ry nie, het ander beesrasse in die land deur dieselfde siklus gegaan. (Hy is destyds oorval deur boere wat teelmateriaal by hom gesoek het en het dubbel sy huidige bulpryse gekry.)

Hy toets sy bulle jaarliks vir geslagsiektes. Waar natuurlike paring gedoen word, beloop sy kalfpersentasie 94. In die geval van kunsmatige inseminasie verminder dit tot 68%.

TOEKOMSBLIK

Waarheen wil hy sy boerdery oor die volgende dekade neem?

"Ek gaan niks verander nie. Die Boran vaar uitstekend as die droogte toeslaan. Ek glo daaraan om op 'n natuurlike wyse te boer. My vrou is by toerisme betrokke en bied vanaf Kleinmonde die Three Sisters-perdryroete aan. Ons enigste dogter gee onderwys in Rusland.

"My enigste bekommernis is wat met die plaas kan gebeur as die politieke situasie in die land skeefloop. Dit is my pensioenfonds. Intussen is ek baie tevrede met die Boran se prestasie en ek wil dit so hou." **LBW**

NAVRAE: Mnr. Chris Webb, sel **072 097 7905** of e-pos **chris@threesistershorsetrails.co.za**